Laerskool Queenswood

Omsendbrief 17

1 Junie 2011

Geagte Ouers en Voogde

PERSONEEL VERJAAR:

Baie geluk aan mev. van der Watt wat op 26 Mei verjaar het. Ons wens haar 'n baie gelukkige en geseënde jaar toe.

Nani, die snoepie tannie, het op 28 Mei verjaar. Baie geluk, Nani!

HEMELVAART:

Donderdag, 2 Junie 2011, is dit Hemelvaart. Geen naskoolse aktiwiteite sal plaasvind nie. Daar sal ook geen tennis oefening in die oggend wees nie.

BOEKEVERKOPING:

Onthou die boekeverkoping 2 Junie 2011 en 3 Junie 2011 in die skoolsaal. Daar gaan wonderlike boeke en speletjies verkoop word.

SENÔR CHEF EN INA PAARMAN'S PROJEK:

Ondersteun asseblief hierdie projek! Die sluitingsdatum is uitgestel na Vrydag, 3 Junie 2011, om u 'n verdere geleentheid te gee om u bestelling te plaas. Slegs kontant met bestelling.

VRYDAG 17 JUNIE 2011:

Vrydag, 17 Junie 2011 is 'n skole-vakansiedag. Die naskool sal oop wees (indien daar so 'n behoefte is).

URE: *Oop*: 06:30 *Toe*: 17:30

FOOIE: *Naskoolleerders*: R10.00

Dagleerders/Nie-naskoolleerders: R30.00

BARNYARD:

Ondersteun ons graad 7-fondsinsamelingsprojek, "Super Troupers"-vertoning te Barnyard, Menlyn, 23 Junie 2011 teen R120.00 per persoon. Daar is nog 24 kaartjies beskikbaar. Kontak die kantoor in hierdie verband.

"BREIKLUB"

Die naskoolkinders is kliphard aan die brei. Ons wil graag 'n blokkieskombersie maak wat ons aan 'n behoeftige sal skenk. Een van ons oumas, mev. Grieta Groenewald, gaan elke Dinsdagmiddag kom help brei. Enige oorskietwol wat by u huis rond lê sal baie waardeer word. Ons brei met nr. 4 naalde en sal baie bly wees as iemand naalde wil skenk.

KERMIS:

Laerskool Pierneef hou op 4 Junie 2011 vanaf 08:00 tot 14:00 kermis. Ondersteun hulle gerus, dit beloof om 'n dag vol pret en plesier te wees.

VISION & LEARNING CENTRE:

Sien aangehegte skrywe. Vul asseblief die skeurstrokie in en stuur terug na die skool.

MUSIEKPRET:

Op 4 Junie 2011 om 18:00 bied Jakaranda en Louis Botha Kinderhuise 'n heerlike musiekaand by die Jakaranda kinderhuis aan. Spanne van 10 lede elk het 'n "buzzer" wat hulle druk wanneer hulle 'n liedjie of kunstenaar herken. Kaartjies kos R100.00 per persoon. Daar is lekker pryse op die spel vir beste spangees, vir die span wat die tema die oulikste uitbeeld en vir die wenspan. Bring jou eie eet en drinkgoed. Kontak Charlene Grobler by 012-8004700 en gaan geniet die aand saam met hulle.

Punte van belang:

Personeel verjaar

Hemelvaart

Boekeverkoping

Senôr Chef en Ina Paarman's

Skoolvakansiedag

Barnyard

Breiklub

Kermis

Vision & Learning Centre

Musiekpret

KOEKSISTERS:
Heerlike koeksisters van uitstaande gehalte word deur die Klein Q's verkoop. Die klein koeksisters se prys is R20.00 per dosyn en groter koeksisters R30.00 per dosyn. Die bestellings sluit 15 Junie 2011 en aflewering vind op 22 en 23 Junie 2011 plaas. Sien aangehegte bestelvorm en ondersteun hulle asseblief.

ALERT AD KAART:
Alert staal is 'n verskaffer van staal, bewapeningstaal, hardeware, boumateriaal, loodgietersware en nog vele meer! Doen aansoek vir 'n Alert Edu Kaart by die skool of by u Alert staalhandelaar. 10% Van die wins van al u kontantaankope word in die skool se rekening inbetaal en 10% word in u kind se skoolfondsrekening inbetaal.

VETKOEKE:
Die graad 3-klasse verkoop op 10 Junie 2011 heerlike groot vetkoeke. U sal volgende week die bestelvorm ontvang.

ABE BAILEY TWEETALIGHEIDSBEVORDINGSKEMA:
Megan Kayser en Jonathan Britz neem vanmiddag aan die finale rondte deel. Elke deelnemer moet 'n voorbereide toespraak en een onvoorbereide toespraak, bestaande uit een helfte in Afrikaans en een helfte in Engels lewer. Ons wens hierdie twee leerders baie sterkte toe!

NETBAL:
Baie geluk aan ons 0/12-netbaldogters wat gister hul uitspeelwedstryd gewen het en vandag aan 'n verdere uitspeelwedstryd teen Voorpos speel.

RUGBY:
Die 0/11-rugbyseuns is ligawenners en gaan aan verdere uitspeelwedstryde deelneem.
Die 0/13B-rugbyseuns het geen ligawedstryde verloor nie.

Vriendelike groete

R. LUDICK
PRINSIPAAL

Punte van belang:

Koeksisters

Alert staal

Vetkoeke

Abe Bailey

Netbal

Rugby